




Sitrusoewer Kampverslag Julie 2015



Dit is verblydend om te sien dat die Sawa Oos-kapenaars nie bang is om in die hartjie van die winter te kamp nie. Ds Rudi en sy gesin is somer al die Maandag uit om te gaan kamp. Die Labushagnes, Bothma's, Deyzel's en die Lambrechtse het Donderdag by hulle aangesluit. Dit was ysig koud. Die visse het ook koud gekry, maar Bothma het darem daarin geslaag om 'n 2.5kg karp uit te trek



Die ander lede het reeds van vroeg Vrydag oggend af by ons begin aansluit. Die wind was baie koud. Tannie Poppie en Oom Richard het vrydagaand se boekevat behartig waarna die inbetaling plaasgevind het. Ons gebiedsvoorsitter, Willem Nel, het saam met ons gekamp. Ons het van sy heerlike witblits gedrink wat hy self gestook het. Daar is heerlik rondom die braaivleisvure gekuier. Gedurende die nag het dit begin te reën.



Saterdagoggend het Ds Rudi om tien uur die boekevat behartig, want daar was weer rugby die middag. Daarna het die gebiedsvergadering plaasgevind. Dankie aan Tannie Poppie wat vir die eetgoedjies gesorg het. Daar was ook weer 'n rit op die trekker deur die boorde en daar is omtrent lemoene en naartjies gepluk. Ons het heerlike "curry bunnies" verkoop. Baie dankie aan die

volgende persone: Leana wat die maaltjies voorberei het, Jakkie wat die vetkoeke gereël en deurbegring het en dan aan almal wat die bestanddele asook die maaltjies geskenk het. Dan ook baie dankie aan almal wat die verkope ondersteun het. Dit was 'n groot sukses. Saterdagmiddag het sommige lekker onder die lapa gekuier, ander het by hulle karavane rondom die vuur gekuier, visgevang of sommer net lekker gelê onder warm komberse aangesien dit sulke lekker lê weer was.



Sondagoggend het Jakkie vir ons die kerkdienste behartig. Nuwe lede is voorgestel en plaatjies is uitgedeel. Willem Nel het ons bedank vir 'n heerlike kamp en ons geprys op die goeie gees wat daar heers onder die lede wat gekamp het. Ons moet dit tog nie verloor soos wat die geval in sommige van die ander streke is nie.



Markus Pottas het sy verjaarsdag gevier

JJ het sy meisie Anneli saamgebring om te kom kamp!



Die Deyzels is amptelik voorgestel



Martin Botha is voorgestel en het vir ons die erekode gelees



Die Le Roux's is voorgestel



Johan & Sandra Fourie – 275 streekkampe



Tjaart & Nelia Snyman – 275 streekkampe



Richard & Poppie Heyman – 375 streekkampe

Die meeste het maar na boekevat begin om op te pak terwyl die ander nog gebraai en kuier het terwyl daar gewag is vir die tente om droog te word. Baie Dankie aan almal vir nog 'n suksesvolle kamp. Sien uit daarna om julle almal by die AJV te sien.

Groete

Richard & Leana